Sing vooraf: Psalm 119:62

62-
Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek
en hoe sug ek diep en swaar
na die heil wat U beloof het,
na u kennis wonderklaar!
Laat my leef; o HEER, dan loof ek!
Laat niks my die heil ontroof!
Laat u oordeel my tot hulp wees!
*Laat my **lewe** om te loof!*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Lofpsalm 146:1, 3

1-
Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.
3-
*Salig hy wat in die **lewe**,*
sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe,
vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag
op die HERE alleen bly wag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons van God se beskermin - dus ook vergifnis van al ons sondes met Psalm 138:4
Wet
Psalm 138:4

4-
As in my angs en teëspoed
die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand,
*dan keer u hand en red my **lewe**.*
Die HEER is goed en wondersterk:
Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar,
tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***

- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 102:12

-12-
HEER, in plaas van droef te klae
sien ons ongemete dae,
wanneer eind'lik kroos en kind
lewe*nsvolheid by U vind.*

Skriflesing: Johannes 5
Teks: Johannes 5:24

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe. (Johannes 5:24 AFR1953)

'n Kindjie lê op sterwe. In hierdie tyd van sy worsteling met die dood, gebeur daar twee dinge.

- Daar is 'n bruilof in Kana in Galilèa. Oorweldigende vreugde, waar Jesus meer wyn aan die bruilofsgaste gee as wat hulle nodig het, omdat God se genade altyd meer is as wat ons kan opgebruik!

- En die sterwende kind se vader is op pad na die Here Jesus toe. Hy wil gaan smeek vir die lewe van sy kind.

Dan kry hy die Here Jesus.

- Dringend smeek hy Jesus om asseblief saam te gaan na sy huis toe, want sy kind sterf.
- Die Here Jesus sê toe: Gaan, jou seun lewe! Hy openbaar aan die man God se krag, want die koninklike beampte het later uitgevind dat sy kind presies op hierdie tyd gesond geword het.

Daarna maak Jesus die sieke van Betesda gesond.

- Eers weet hierdie man nie eers wie hom genees het nie, maar as hy dan later uitvind, dan sê hy vir die Jode dat dit Jesus is.
- In plaas daarvan dat die mense bly is dat hier lemand is wat lewe uit dood en siekte kan gebied, wil hulle Hom nou doodmaak.

Dan preek Jesus hierdie preek.
Die inhoud van die preek kan ons saamvat in een enkele sin: die Seun en die Vader werk saam, want hulle twee is een.

Maar Jesus wil ook die oë van sy mense oopmaak.

- Hy wil nie hê hulle moet na die siek kind, en die wyn en die man wat agtendertig jaar lank siek was, kyk nie.
- Hulle moet by die pasiënte verbykyk en sien wat God eintlik besig is om te doen. Hy is besig om lewe uit die dood te verwek!

Die Here sal nog groter werke doen as hierdie dinge.

- Dooies sal opgewek word en dan sal hulle kom tot ‘n opstanding van die ewige lewe, of hulle sal opstaan om vir ewig in die donker smarte van die hel te gaan lewe.

Daar sal dus ‘n dag kom wanneer die Here twee totaal uiteenlopende dinge gaan doen, maar altwee sal dien tot sy verheerliking.

- Hy gaan alle mense laat opstaan en sommiges sal Hy met heerlikheid beklee, en by Hom in die hemele neem, om Hom te verheerlik.
- Die ander gaan in die hel gewerp word, sodat hulle verwerping sy heerlikheid kan weerspieël.
    - Sy krag en sy sterkte gaan oor hulle en hulle goddeloosheid triomfeer tot sy verheerliking.

En hier pas die Nagmaal reeds in. Die eindgerig kom in ‘n sekere sin al aan die Nagmaaltafel tot openbaring:

- Sommiges mag kom aansit tot versterking van hulle geloof.
- Ander word deur God verbied vanweë die volharding in hulle sondes. Want ons God wil nie verderf met sy genade meng nie.

- Daarom het hierdie woorde van die Here Jesus ook betrekking op Homself.

    - Hy, wat die Seun van God is, gaan self onskuldig veroordeel word en sterf.
    - Maar Hy gaan die mag van die dood oor Hom oopbreek;
    - Hy gaan opstaan en al sy uitverkorenes saam met Hom terugbring in die lewe in.

Hierdie opwekking van die laaste dag, het ‘n voorspel.

- Dis die geestelike opwekking wat in hierdie lewe al plaasvind. Mense kom tot bekering. Dis al die begin van die opstanding uit die dood.
- Ons ander bekeer ons daagliks van al ons sondes, en ons probeer al hoe heiliger lewe.
- Dis die voortgang van die opstanding, totdat ons uiteindelik deur God liggaamlik uit die graf opgewek word.

So het die Woord van die Here twee kante:

- Die een is aanloklik. Dis die verlossing en heerlikheid en genade.
- Die ander kant is donker en dreigend: dis die hel en oordeel en smarte.

Nou sien u wat die teksvers beteken:

> **Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle: wie my Woord hoor en Hom glo wat my gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.**

Geliefdes, kom en geniet die genadeprediking van hierdie sakrament.

- Dit leer aan ons dat die Here Jesus se liggaam vir ons gebreek is tot vergewing van al ons sondes … dat ons uit die dood oorgegaan het in die lewe deur Jesus Christus.

Amen.

Gebed

Psalm 25:3

3-

Dink aan my in mededoë
as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like-oë
is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer
*van 'n yd'le jonkheids**lewe**;*
wil tog, om u goedheid, HEER,
ál my sondes my vergewe!

Formulier.

Psalm 23:

-3-
U bring vir my die tafel in gereedheid,
my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;
dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
*dit kroon my **lewe** met u welbehae;*
en in u huis, daar bly ek al my dae.

Af tafel toe:
Tydens Nagmaal: Psalm 116
Psalm 118

Slotgebed.

Slotpsalm 89:17

-17-
Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur,
hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?
*Geeneen wat teen die mag sy **lewe** kan behou nie.*
Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde
na u beloftenis, aan Dawids huis verbonde.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Nagmaal 23 Me1 2010